

Lekkerbekkie Nuusbrief

29 APRIL 2015 | UITGAWE 97



Inhoud:

- * Kinderstorie: Vuurvlieg se stertjie
- * Produk van die week: Stories vir ouer kinders
- * Inkleurprentjie: Vuurvlieg se stertjie

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Vuurvlieg se stertjie deur Corlie Putter

Vuurvlieg is bekommerd, want daar is groot, groot fout met haar stertjie! Sy is seker daarvan! Die punt van haar stertjie is heeltemal deurskynend... Vuurvlieg kyk en kyk in die spieël na haar vreemde stertjie, en dan hoor sy haar maatjie, Kriek, buite roep. Vinnig gryp sy haar serpie, en bind dit rondom haar stertjie. So ja, nou is die deurskynende deel weggesteek.

Buitekant haar huisie kyk Kriek haar met skrefies-ogies aan, en skuif sy brillettjie terug op sy neusie reg. "Hoekom het jy so 'n groot strikdas om jou stert?" vra Kriek. Hy kan nie so goed sien nie. Vir hom lyk Vuurvlieg se serpie soos 'n strikdas!

"Ag sommer vir die mooi," sê Vuurvlieg en sy begin sommer aanstap met die paadjie langs. Kriek draf agterna, maar sien nie die takkie wat voor hom in die pad lê nie. Sy voet haak vas en hy val dat sy brillettjie deur die lug trek!

Vinnig help Vuurvlieg vir Kriek regop, en dan soek hulle oral na Kriek se brillettjie.

"O gaats!" roep Vuurvlieg skielik, want Kriek se brillettjie lê nou krom en skeef gebuig op die grond! Maar Kriek vat die brillettjie, buig dit so 'n bietjie, en sit dit weer op sy neus. "So goed soos nuut!" sê hy trots. Vuurvlieg giggel, want Kriek lyk te aardig met die skewe brillettjie op! Hulle stap weer verder opsoek na iets om te eet.

Hulle gesels so lekker dat hulle nie kyk waarheen hulle gaan nie, en kort voor lank het hulle verdwaal! Die son is besig om vinnig onder te gaan, en dit raak al hoe donkerder in die bos.

Kriek kry koud en hy is bangerig vir die donker, want hy kan glad nie in die donker sien nie - al het hy sy skewe brillettjie op. Vuurvlieg kry hom jammer, en haal haar serpie van haar stertjie af. Sy gee dit vir Kriek om hom warm te maak. En raai? Vuurvlieg se stertjie is nie meer deurskynend nie – dit skyn soos 'n helder liggie in die donker! Hulle kan sien waar hulle is! Selfs Kriek kan nou alles mooi sien.

"Kom ons gaan huistoe!" roep Vuurvlieg bly uit.

Terwyl hulle terugstap, loer Kriek na Vuurvlieg en sê: "Ek dink my brillettjie het gebreek van die val. Dalk moet ek 'n nuwe ene kry. Want jou strikdas, Vuurvlieg, lyk vir my al meer en meer soos 'n serpie!"

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstories-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Stories vir ouer kinders: Ontmoet vir Carli Fourie!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

AnnaEmm se audio boeke is lekkerluister speurverhale vir ouer kinders (9-14 jariges) en daar is reeds 11 titels in die reeks. CARLI = NERD² het sopas verskyn in twee spannende avonture verskyn! Ideaal vir ons Lekkerbekkies se ouer boeties en sussies.

Hierdie week kan jy die twee Carli-avonture kry vir slegs R250, of jy kan al 11 avonture aankoop @ R1200 (Gewone prys: R130 elk) by enige AnnaEmm agent – of bestel direk by ons teen die gewone prys.

Kontak agente@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area.

Kontak 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area!
Aanbod sluit 20 April 2015.

Speurverhale vir ouer kinders!

Ontmoet vir Carli Fourie...

Carli = Nerd²

Carli is in Graad 8 en sy sukkel om maats te maak. Ander kinders hou nie van slim kinders nie...

Maar dan trek die seun met die bruin oë by Winterhuis in, en voor Carli dit weet beland sy amper in groot moeilikheid. Want die huis langsaan het baie geheime...



Voorgelees deur ANRICH HERBST!



Twee splinternuwe, spannende luisterverhale elk op 'n dubbele CD!

SPESIALE AANBOD:

Koop beide Carli-avonture @ slegs R250 of kry al 11 audio boeke in die reeks @ R1200! Normale prys R130 elk - spaar tot R230! Aanbod sluit 4 Mei.

LW: Hierdie stories is vir 9-14 jariges, en mag temas en taalgebruik bevat wat nie geskik is vir jonger kinders nie. Geruik asseblief oordeelkundig.

Ander audio boeke in die reeks:



Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Vuurvlieg se stertjie illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za